

6 Februarie - BENOUD

Skrifgedeelte: Psalm 4:1-9 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 4:2 (OAV)

As jy engtevrees het, is dit vreeslik om vasgedruk te wees, om in 'n benoude plek te wees. Jy voel asof jy wil versmoor. Die lewe word uit jou gepeers.

Dawid het benoudheid baie goed geken. Nie die benoudheid van engtevrees nie, maar wanneer jou vyande jou vasdruk, wanneer jou vyande jou omsingel. Wanneer jou omstandighede enige hoop op oorlewing uit jou begin pers.

Wat doen 'n mens dan as jy werklik benoud is? Dawid skryf dat hy na God geroep het. 'n Benoude geroep. In Dawid se benoudheid was daar geen menslike plan meer oor nie. Dawid se benoudheid was dat daar geen uitkoms meer is nie. Wanneer hy na die Here roep, doen Hy 'n wonderwerk. Hy maak vir hom ruimte. God druk sy vyande weg. Hy druk die gevaar terug. Hy maak vir Dawid weer vry. Hy laat hom weer asemhaal. Dawid kan 'n Psalm sing. Hy kan God loof vir sy verlossing.

Watter benoudheid was dit nie aan die kruis toe Christus in die duisternis Godverlate aan die kruis gehang het, maar sy Vader het nie vir Hom ruimte gemaak nie? Totdat elke sent skuld van God se kinders betaal is. Ons grootste benoudheid is oorwin, die benoudheid van die dood, van die sonde en van ons groot vyand – Satan.

Die kruis en opstanding verander egter nie ons omstandighede nie. Ons kom elke dag in benoude situasies. Miskien is u ook benoud oor die dag wat voorlê, maar u sal sien en beleef hoedat God vir sy kinders ruimte maak. Miskien is u dalk doodsbenoud, maar God sal vir u ruimte maak sodat u weer vir Hom 'n Psalm kan sing.

Al lyk dit vir u dalk hoe onmoontlik, Hy maak ruimte vir sy benoude kinders!

Sing: Psalm 4:1, 4 (1936-beryming)

Ds RA Bain (Cachet)